



**SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE**  
**STREEK KIEPERSOL**



Kiepersollers,

Ek deel graag die volgende terugvoer uit die Sawa Kongres gehou op Saterdag, 15 Oktober 2016 te Klub Koppisol Woonwapark.

1. President, Nico Spaumer – Openingsrede. Die volgende word uitgelig deur die President:
  - 1.1. Hoogtepunte.
    - Samesyn, ywer en harde werk by die Presidente saamtrek
    - Goed georganiseerde en aangename Nasionale saamtrek
    - Gebiedsaamtrekke in Junie van Gebiede Jakaranda & Oosrandia
    - Streek Bronberg se stigting as volwaardige streek
    - Nasionale toer na Gebied Goeie Hoop se Nasionale saamtrek
  - 1.2. Laagtepunte
    - Daling in ledetal
    - Ontbinding van streke Seemeeu en Satelliet Waterberg
2. Lede aangeleenthede.
  - 2.1. 39% van Sawa se totale lede is senior burgers.
  - 2.2. Ouderdom verspreiding van Sawa lede – 70% van Sawa se lede is bo 50 jaar oud.
3. Woonwaparke.
  - 3.1. Goedkoop saamtrekke is iets van die verlede.
  - 3.2. Besture moet woonwaparke wat Sawa goedgesind is identifiseer. Dagbestuur moet poog om met die parke te onderhandel vir tariewe wat vir al die streke in die oorde se omgewing sal geld.
4. Grondwet veranderinge - van die belangrikste veranderinge wat goedgekeur is.
  - 4.1. Minimum aantal lede waaruit 'n streekbestuur moet bestaan word verminder na 5 lede i.p.v. 6.
  - 4.2. Aantal lede om 'n Kworum te vorm by AJV word beter omskryf deur te verwys na stemgeregtigde lede (wat man en vrouens insluit).
5. Ledegeld vanaf 01 Desember 2016.

5.1. Aansluitingsfooi	R120.00
5.2. Gewone Lid	R 340.00 /jaar
5.3. Gewone Lid Debiet Order	R 330.00
5.4. Senior Burger	R 330.00
5.5. Senior Burger Debiet Order	R 320.00
6. Dagbestuur.
  - 6.1. Die volgende persone is tot die Dagbestuur verkies:

Voorsitter	Jurie Dreyer
O/Voorsitter	André Knoetze
Sekretaris	André Swanepoel
Penningmeester	Wynand Theron
Skakelbeampte	Rudi Kleynhans

7. Lede wat Kongres bygewoon het.



Pieter & Johanna van Biljon



André & Rina Rall



Johan & Karin Burger



Jannie & Ina vd Berg



Riaan & Marnet Steenkamp



Willie & Elma Bronkhorst



Oom Gert Rall